

Dinsdag 22 September

Skrifgedeelte: Ester 5:1-8

Fokusgedeelte: Ester 5:1

Waagmoed in die koninkryk (van God)

Koningin Ester lê hier waagmoed aan die dag. Reeds in Ester 4:11 het ons gehoor dat indien iemand voor die koning verskyn sonder dat die koning hom/haar ontbied het, is daar net een gevolg: doodstraf.

Tog neem Ester hier 'n berekende risiko. Dit is reeds meer as 30 dae vandat die koning haar ontbied het en daar is dus geen sekerheid of hy haar sal wil sien nie. Tog, ter wille van die volk van God in die Ou Testament, lê sy waagmoed aan die dag. Sy maak haar gereed en stap na wat in haar oë na 'n gewisse dood sou gelyk het. Genade is al waarop sy kan hoop.

Hoeveel te meer kan ons dan waagmoed aan die dag lê ter wille van die koninkryk van God? Ons ken immers die Koning en Regter wat op die troon sit. Ons het die sekerheid dat ons met vrymoedigheid deur Christus tot die Vader kan nader (Heb. 10:19-22) en dat ons 'n koninklike priesterdom en die eiendomsvolk van God is wat Hy vir Hom afgesonder het (1 Pet. 2:9). Ons weet dat Hy gunstig oor ons sal oordeel en dat niks ons van die liefde van God kan skei nie, die liefde wat daar vir ons is in Christus Jesus, ons Here (Rom. 8:39).

Christus het jou oorgebring van die dood na die lewe. Hy het jou ingelei in die koninkryk van God wat nou reeds 'n realiteit in jou lewe is deurdat Christus jou Koning is wat oor jou regeer. Om in God se koninkryk met waagmoed te lewe, is dus in werklikheid om in God se koninkryk met sekerheid te lewe!

Sing: Lied 464:3, 4

Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg)